KAAPKERK
NG KERK IN SUID-AFRIKA

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
Sinode van Wes-Kaapland

Sinodale Kantoor
De Langestraat 5
Bellville
7530

Privaatsak X8
Bellville
7535

PBO: 9300 13251
021 957 7100
ngkadmin@kaapkerk.co.za
www.kaapkerkadmin.co.za

8 Maart 2024

# INLIGTING t.o.v. NUWE BELASTINGJAAR 2024-25

## 1. BELASTING

### 1.1 BELASTINGTABEL 2024-25 [01/03/2024 tot 28/02/2025] = onveranderd

| BELASBARE INKOMSTE | | | VASTE BEDRAG | PERSENTASIE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | - | 237 100 | 0 | 18% | van belasbare inkomste | |
| 237 101 | - | 370 500 | 42 678 | 26% | van belasbare inkomste bo | 237 100 |
| 370 501 | - | 512 800 | 77 362 | 31% | van belasbare inkomste bo | 370 500 |
| 512 801 | - | 673 000 | 121 475 | 36% | van belasbare inkomste bo | 512 800 |
| 673 001 | - | 857 900 | 179 147 | 39% | van belasbare inkomste bo | 673 000 |
| 857 901 | - | 1 817 000 | 251 258 | 41% | van belasbare inkomste bo | 857 900 |
| 1 817 001 | - | > | 644 489 | 45% | van belasbare inkomste bo | 1 817 000 |

| KORTINGS | |
|---|---|
| Primêre korting | R17 235 |
| Add'e korting (bo 65) | R 9 444 |
| Add'e korting (bo 75) | R 3 145 |

| BELASTINGDREMPELS | |
|---|---|
| Onder 65 jaar | *[1]R 95 750 |
| 65 tot 74 jaar | R148 217 |
| 75 jaar en ouer | R165 689 |

| MEDIESE BELASTING KREDIETE | |
|---|---|
| Hooflid | R364 |
| Eerste afhanklike | R364 |
| Elke addisionele afhanklike | R246 |

Ouderdom vir belastingdoeleindes: Ouderdom soos op 28/02/2025.

### 1.2 REISVERGOEDING

#### 1.2.1 Reistoelae

Toelaag steeds **80%**, 100% of 20% belasbaar (20% belasbaar indien werkgewer tevrede is dat werknemer ten minste 80% sal gebruik vir besigheidsdoeleindes. Dis egter baie riskant en word nie aanbeveel nie). *Ontvangers hiervan moet onthou om 'n ritboek by te hou om sodoende besigheidskilometers te verklaar en moontlik terug te eis by persoonlike opgawe indiening.*

IRP5 kodes: 3701 = volle waarde; 4852 = belasbare waarde.

#### 1.2.2 SAID vervoertabel van 2024/25 = GEWYSIG

~Lees asb saam met punt 3.4 van die Omsendbrief aan Predikante en Skribas: "AANPASSING VAN DIE VERGOEDINGSPAKKET VIR PREDIKANTE VANAF 1 MAART 2024" (gedateer 1 Des 2023). LW: dit is slegs riglyne.

Skakel na SAID tabel: https://www.sars.gov.za/legal-counsel/secondary-legislation/income-tax-notices/income-tax-notices-2024/ Kies onder "2024" die "Notice 4456" vir die PDF dokument.

| Publication Date | GG and Notice Numbers | Description | Implementation Date |
|---|---|---|---|
| 1 March 2024<br>**New!** | GG 50243<br>Notice 4456 | Fixing of rate per kilometre in respect of motor vehicles – section 8(1)(*b*)(ii) and (iii)<br>• Notice 4456 | 1 March 2024 |

*Daar was wel **'n verandering** in die SAID tabel se voertuigwaardes.* Hiermee die werklike waardes vanaf die SAID tabel vir 'n voertuig tussen R200 001 en R300 000 en 18 000 km per jaar.

| **Waarde van voertuig tussen** | **200 001 en 300 000** |
|---|---|
| Brandstofkoste (in sent) | 184,0 sent |
| Onderhoudskoste (in sent) | 63,5 sent |
| **Loopkoste per kilomenter (in sent)** | **247,5 sent** |
| Loopkoste op **18 000 km** (in Rand) | R44 550 |
| Jaarlikse vaste koste betaalbaar | R89 119 |
| Motortoelaag op 18 000 km | **R133 669** |
| Motortoelaag per maand | ***R11 139*** |

Onderstaande tabel wys die berekeninge vir groter en kleiner geagte kilometerafstande.

| Aantal kilometer | Vaste koste | R2,475 / km | Totaal | Maandeliks |
|---|---|---|---|---|
| 20 000 km | 89 119 | 49 500 | 138 619 | 11 552 |
| **18 000 km** | 89 119 | 44,550 | 133,669 | **11 139** |
| 16 000 km | 89 119 | 39,600 | 128,719 | 10,727 |
| 14 000 km | 89 119 | 34,650 | 123,769 | 10,520 |
| 12 000 km | 89 119 | 29,700 | 118,819 | 9,902 |

### 1.2.3 **Reiseise (terugbetaling / "*reimbursement*")**

Geen perk word geplaas op die aantal km per jaar nie. SAID se **voorgeskrewe koste per km** beloop **R4,84/km**. Indien die *voorgeskrewe km-koste* oorskry word, word 100% van die gedeelte bo *R4,84* deel van vergoeding vir belasting (= beïnvloed LBS, WVF, pensioenaftrekking perk, ens).
Leiding: gebruik verkieslik 'n koste/km wat laer is as die *voorgeskrewe km-koste*.

Rapportering reëls vir 2024/25 belastingsertifikate:

a) IRP5 kode **3702** moet gebruik word by 'n "*reimbursement*", indien:
- 3701 (toelaag) reeds betaal word addisioneel tot die "*reimbursement*"
- Die koste/km gebruik vir die "*reimbursement*" die *voorgeskrewe km-koste* oorskry
- Kode 3702 se waarde = besigheidskilometers x *voorgeskrewe km-koste*
- Kode 3702 is nie vergoeding vir belasting nie, maar is inkomste en sal geassesseer word vir inkomstebelasting

b) IRP5 kode **3703** moet gebruik word by 'n "*reimbursement*", indien:
- kodes 3701, 3702 en 3722 nie gebruik is nie en ...
- die koste/km gebruik vir die "*reimbursement*" NIE die *voorgeskrewe km-koste* oorskry nie
- Kode 3703 se waarde = besigheidskilometers x werklike koste/km
- Kode 3703 is nie vergoeding vir belasting nie en word ook nie geassesseer vir inkomstebelasting nie.

c) IRP5 kode **3722** moet gebruik word by 'n "*reimbursement*", indien:
- die koste/km gebruik vir die "*reimbursement*" die *voorgeskrewe km-koste* oorskry
- Kode 3722 se waarde = besigheidskilometers x (koste/km gebruik minus die *voorgeskrewe km-koste*)
- Kode 3722 mag nie sonder kode 3702 gebruik word nie.
- Kode 3722 is vergoeding en sal deur SAID geassesseer word.

## 1.3 **BEHUISING BYVOORDEEL BEREKENING** (gemeente voorsien huis)

1.3.1 Formule vir die berekening van die behuisingsvoordeel (byvoordeelbelasting): **(A – B) x C/100 x D/12**

A = Die besoldigingsfaktor (*besoldiging volgens die Vierde Skedule van die Inkomstebelastingwet*):

Volle besoldiging van voorafgaande belastingjaar met <u>uitsluiting van die behuisingsvoordeel</u>, (12 maande/geannualiseerd) *of* die eerste maand van indiensneming (geannualiseerd), indien die persoon nie die vorige jaar in diens van die werkgewer was nie.

B = Rxxxxxx*1 (*die huidige jaar se belastingdrempel vir persone onder 65 jaar oud*)

C = 17%: Minder as 4 vertrekke (huis/woonstel/wooneenheid)
18%: Minstens 4 vertrekke, ongemeubileerd en krag/brandstof deur werkgewer verskaf
18%: Minstens 4 vertrekke, gemeubileerd en geen krag/brandstof deur werkgewer verskaf nie
19%: Minstens 4 vertrekke, gemeubileerd en werkgewer voorsien krag/brandstof

D = Aantal maande gedurende die jaar van aanslag waarop die werknemer op sodanige huisvesting geregtig was/is.

1.3.2 Indien die akkommodasie deur die werkgewer namens die werknemer gehuur word, geld die uitgawemetode (*sekere bepalings geld*): Koste van die huur plus ander werkgewer uitgawes tov lg. *Hier mag die twee metodes (formule van 1.3.1 en waarde van 1.3.2) vergelyk word en die kleiner byvoordeel gebruik word.*

## 1.4 MEDIESE BELASTINGKREDIETE

1.4.1 <u>Vir alle lede (ongeag ouderdom)</u>: Die mediese werkgewer bydrae is 'n belasbare byvoordeel vir aktiewe werknemers (IRP5-kodes 3810 en 4474).

Metode: Bereken die belasbare inkomste en die belasting daarop.
Trek dan van die LBS/BELASTING bedrag, die mediese krediete af.
Effek: LBS/belasting word minder.

NS: Indien die <u>belasting</u> van die persoon (voor hierdie korting in ag geneem word), <u>minder</u> is as die mediese korting vir die maand, word die oorskot oorgedra na die volgende maand. [Die persoon se belasting behoort dan R0-00 te wees vir die maand.] Elke maand se oorskot word by die vorige oorskotte getel en gebruik teen belasting, indien nodig. *Indien die totale oorskot vir die belastingjaar nie opgebruik is nie, verval dit. Dit dra nie oor na die volgende belastingjaar nie.*

## 1.5 AMPTELIKE RENTEKOERS: Lae of rentevrye lenings

Werknemers wat lenings vanaf hul werkgewers ontvang teen 'n lae rentekoers of rentevry, moet belas word op die verskil in rente tussen die *amptelike* rentekoers en die koers wat op die lening gehef word. Slegs indien die rente gehef minder is as die amptelike SAID koers. Hierdie koers is tans gelyk aan die repokoers plus 1%. *Die amptelike rentekoers is op datum van hierdie skrywe <u>9,25%</u> sedert 01/06/2023.*

Daar is geen belasbare byvoordeel op lenings uitsluitlik vir studiedoeleindes, <u>ongereelde</u> lenings onder R3,000 per lening of 'n lening vir behuising bo 'n waarde van R450,000 (aan persone wat in die vorige jaar minder as R250,000 bruto belasbare inkomste verdien het), nie.

## 1.6 AFTREEFONDSE

### 1.6.1 Die wetgewing in kort [wetgewing = onveranderd]

a) Alle werkgewerbydraes (goedgekeurde dele) tot aftreefondse word beskou as 'n byvoordeel. *Slegs hierna word die byvoordeel/werkgewerbydrae beskou as 'n **geagte lidbydrae** (belasting-aftrekbaar).*

b) Die werknemer/lid se bydrae + die werkgewerbydrae is belastingaftrekbaar tot **27,5% van die GROOTSTE van**:
- Bruto besoldiging (= belasbare inkomste <u>voor</u> aftrekkings); en
- Belasbare inkomste (*by individuele opgawe indiening*)

Monetêre pensioenbydrae perk: R29,166.67 pm wat akkumuleer tot die jaarlikse perk van R350 000

*c) Die bydraes wat nie afgetrek is vir belasting nie, word deur SARS oorgedra van jaar tot jaar by die individu se persoonlike opgawes tot en met hy/sy dit by aftrede ten volle kan aanwend.*

LW: **Al die NGK in SA aftreefondse** (Predikante Pensioenfonds; Amptenare Voorsorgfonds) **is VASTE BYDRAE FONDSE.** Dus is die werkgewerbydraes (*minus nie-goedgekeurde risikovoordele*) gelyk aan die byvoordeel (*'fringe benefit'*).

### 1.6.2 **Risikopolisse**

'n Deel van die werkgewer se pensioenbydraes is **ongeskiktheidsdekking** en/of **addisionele sterftedekking**. Hierdie polisse (in die naam van die fonds/werkgewer) word op die oomblik buite die fonds geadministreer en is nie saam met die pensioenfondse goedgekeur in terme van pensioen belastingwetgewing nie. **Dit is dus belasbaar,** sodat wanneer die produk uitbetaalbaar raak aan die begunstigde, dit belastingvry gedoen kan word.

Die hantering van die aftreefondsbydraes, asook ongeskiktheids- en addisionele sterftedekkingdeel van die aftreefondspremie op u betaalstelsel, word ook in die voorbeelde hieronder uiteengesit.

*Onthou dat WVF ook verhoog as die belasbare inkomste verhoog (tot 'n huidige maksimum van **R177,12**).*

Die risikopolisse van die onderskeie Aftreefondse verhoog elke jaar op verskillende tye:

- Predikante Pensioenfonds verhoog miv Maart elke jaar saam met die bydraevlakke.
- Amptenare Voorsorgfonds verhoog miv Junie elke jaar *(kommunikasie via Sanlam/AlexForbes).*

### 1.6.3 **Voorbeeld: *Amptenare Voorsorgfonds* van die NG Kerk in SA (% van PGI)**

#### 1.6.3.1 **SALARIS/nie-pakket: Pensioengewende Inkomste/Salaris = R10 000,00**

Betaalrol hantering:

| **Beskrywing** | **Werkgewerbydraes ("Company Contributions")** | | | **Werknemerbydraes ("Employee Deductions")** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** |
| Aftreebydrae – volle#: | R10 000 x 12,46% | R1 246,00 | *Sien hieronder#* | R10000 x 8,12% | R812,00 | *Sien hieronder#* |
| Ongeskiktheidsdekking & Universele onderrig *[= Deel van Werkgewer se aftreebydrae]* | R10 000 x 1,179% | **R117,90** | **3801** | nvt | nvt | nvt |
| *#Aftreebydrae: Belasting-aftrekkings/ rapportering* | Volle Aftreebydrae *minus* Ongeskiktheids-dekking & Universele onderrig | R 1246,00 – R 117,90 = **R1 128,90** | **4473 en 3825** | Werkgewer-bydrae (By-voordeel) *plus* Werknemer-bydrae (lid) *plus* enige addisionele lidbydraes | R1 128,90 + R812,00 = **R1 940,10** | **4003** |
| Sterftedekking: | R10 000 x 0,2775% | **R27,75** | **3801** | R10000 x 0,2775% | **R27,75** | nvt |

Totale oorbetaling aan die Voorsorgfonds:

| **Werkgewer Pensioen** | **Werknemer/lid Pensioen** | **Werkgewer Sterftedekking** | **Werknemer/lid Sterftedekking** | **Totale oorbetaling aan Fonds** |
|---|---|---|---|---|
| R1 246,00 | R812,00 | R27,75 | R27,75 | **= R2 113,50** |

1.6.3.2 PAKKET: **Pensioengewende Inkomste/Salaris = R10 000,00**

Betaalrol hantering:

| **Beskrywing** | **Werkgewerbydraes („Company Contributions")** | | | **Werknemerbydraes („Employee Deductions")** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** |
| Aftreebydrae – volle#: | R10 000 x<br>11,50% | R1 150,00 | *Sien hieronder#* | R10000 x<br>7,50% | R750,00 | *Sien hieronder#* |
| Ongeskiktheidsdekking & Universele onderrig *[= Deel van Werkgewer se aftreebydrae]* | R10 000 x<br>1,089% | **R108,90** | **3801** | nvt | nvt | nvt |
| *#Aftreebydrae: Belasting-aftrekkings/ rapportering* | Volle Aftreebydrae<br>*minus*<br>Ongeskiktheids-dekking en Universele onderig | R 1 150,00<br>– R 108,90<br>= **R1 041,10** | **4473 en 3825** | Werkgewer-bydrae (By-voordeel)<br>*plus*<br>Werknemer-bydrae (lid)<br>*plus*<br>enige addisionele lidbydraes | R1 040,20<br>+ R750,00<br>= **R1 790,20** | **4003** |
| Sterftedekking: | R10 000 x<br>0,256% | **R25,60** | **3801** | R10000 x<br>0,256% | **R25,60** | nvt |

Totale oorbetaling aan die Voorsorgfonds:

| **Werkgewer Pensioen** | **Werknemer/lid Pensioen** | **Werkgewer Sterftedekking** | **Werknemer/lid Sterftedekking** | **Totale oorbetaling aan Fonds** |
|---|---|---|---|---|
| R1 150,00 | R750,00 | R25,60 | R25,60 | **= R1 951,20** |

1.6.4 **Voorbeeld: *Predikante* Pensioenfonds**

**SCENARIO: 19,2 % Bydraevlak, ouderdom 43 jaar op 01/01/2024, getroud, RS x5**

Betaalrol hantering:

| **Beskrywing** | **Werkgewerbydraes („Company Contributions")** | | | **Werknemerbydraes („Employee Deductions")** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** | **Som** | **Bedrag** | **IRP5-kode** |
| Aftreebydrae – volle#: | Bv **19,2%** gekies = *sien PPF tabel* | R8 752,00 | *Sien hieronder#* | Bv **19,2%** gekies & ouderdom **43j** = *sien PPF tabel* | R4 274,00 | *Sien onder#* |
| Addisionele sterfte-dekking (bo 2xRS) | Bv **5xRS** gekies = *sien PPF tabel* | **R433,00** | **3801** | nvt | nvt | nvt |
| Ongeskiktheidsdekking *[= Deel van Werkgewer se aftreebydrae]* | Gegee | **R584,00** | **3801** | nvt | nvt | nvt |
| **NB! Slegs vir diegene onder 3 maande van 62 jarige ouderdom.** | | | | | | |
| *#Aftreebydrae: Belasting-aftrekkings/ rapportering* | Volle Aftreebydrae<br>*minus*<br>Addisionele sterftedekking<br>*minus*<br>Ongeskiktheids-dekking | R 8 752,00<br>– R433,00<br>– R584,00<br>= **R7 735,00** | **4472 en 3817** | Werkgewerby-drae (Byvoor-deel)<br>*plus*<br>Werknemer-bydrae (lid)<br>*plus*<br>enige addisionele lidbydraes | R7 735,00<br>+ R4 274,00<br>+ ........<br>= **R12 009,00** | **4001** |
| Sterftedekking/groep: | Gegee | **R190,50** | **3801** | Gegee | **R190,50** | nvt |
| Gadeversekering (waar van toepassing): | nvt | nvt | nvt | Gegee | **R161,00** | nvt |

Totale oorbetaling aan die Pensioenfonds

| Werkgewer Pensioen | Werknemer/ Lid Pensioen | Werkgewer Sterftedekking | Werknemer/lid Sterftedekking | Groepver-sekering | Totale oorbetaling aan Fonds |
|---|---|---|---|---|---|
| = R8 752,00 | R4 274,00 | R190,50 | R190,50 | R161,00 | **= R13 568,00** |

1.7 **RIGLYNE** – *Sien dokument m.b.t. die volgorde van aftrekkings (berekening van LBS), ingesluit.*

Vir omvattende riglyne: kyk op die webwerf by www.sars.gov.za > Types of tax > Pay As You Earn

Die Ontvanger van Inkomste (SAID) bied gereeld belastingkursusse aan – vind uit by die naaste kantoor en skryf daarvoor in!

1.8 **ELEKTRONIESE BETAALROL HULP (MS EXCEL)**

'n MS Excel-dokument word beskikbaar gestel vir gemeentes wat sukkel om hul betaalrol uit te werk: samestelling, belasting en betaalstrokie. Daar is twee soorte: salaris plus byvoordele en een vir pakkette. *Diegene wat hierin sou belangstel, is welkom om dit per e-pos by die salariskantoor aan te vra.*
~Diegene wat reeds om die dokument versoek het, sal dit voor middel Maart 2024 ontvang, omdat dit teen die nuwe weergawe van 'n salarisprogram getoets word.

## 2. WVF & ONGEVALLEVERSEKERINGSFONDS

2.1 **WVF-limiet**: Die bydrae limiet bly **onverand op R177,12 pm**.
*LW: Die bydraelimiet moet nie verwar word met die voordeel limiet ("UIF benefit limit") nie = aparte wetgewing en toepassing.]*

2.2 **ONGEVALLE VERSEKERINGFONDS – Opgawe van Verdienste (W.As.8 vorm)**

Die vergoedingsdrempels was/is soos volg -

2.2.1 2023/24: Maart 2023 – Februarie 2024 (12 m) R568 959 [werklike vergoeding]
2.2.2 **2024/25:** **Maart 2024 – Februarie 2025 (12 m)** **R? Nog nie gepubliseer nie** [geskatte vergoeding]

Die tydperk vir indiening: **01/04/2024 tot 30/06/2024** [STAATSKOERANT, 12 Februarie 2024 no 50106]

Daar moet op die Departement van Indiensneming en Arbeid se webwerf geregistreer word om sodoende hierdie opgawe elektronies in te dien. Webwerf: www.labour.gov.za > Kies onder die hofie "Online Services" > ROE Online > Employer Registration and ROE Sumbission. *[Navrae hieroor moet self aan Departement van Arbeid gerig word.]*

## 3. ADMINISTRATIEF

3.1 **BELASTINGNOMMERS & VOLLEDIGE PERSOONLIKE INLIGTING - werknemers**

Onthou: Alle werkgewers moet hul werknemers se belastingnommers hê - *"Income tax act: Paragraph 14(1)(d) and Section 69(2)(a)(i)".* Dis 'n verpligte item by die indiening van rekonsiliasies. Werkgewers kan hul werknemers registreer vir 'n nommer op e-filing indien hulle nie een het nie (ITREG). Daar sal 'n boodskap op e-filing terugkom wat die nommer voorsien.

Ander volledige persoonlike inligting word ook vereis: ID no/Paspoort no; volle name en van; volledige residensiële- en posadres; bankbesonderhede (indien van toepassing).

3.2 **ONTHOU: REKONSILIASIE 2023/24 [2024 belastingjaar]**

Indiening van die EMP501 rekonsiliasie vir 01/03/2023 – 29/02/2024 moet geskied tussen ?? April (nog onbekend) en 31 Mei 2024 (sperdatum). *Moet nie in die eerste week van die seisoen en die laaste week van Mei indien nie – SARS se webwerf kan aanvangsprobleme ervaar, moontlike beurtkrag of internet probleme kan ervaar word ... !*

Diegene wat belangstel in 'n opsomming van die IRP5 bronkodes vir 2024, is welkom om die salariskantoor te kontak.

*Daar is sover geen wesenlike veranderinge vir die finale rekonsiliasie (Feb 2024) teenoor die halfjaarlikse indiening van 2024 nie (Aug 2023).*

Die volgende **halfjaarlikse rekonsiliasie (2025 belastingjaar) = 6 maande (01/03/2024 – 31/08/2024):** Indiening van die halfjaarlikse EMP501 rekonsiliasie geskied van ?? September tot 31 Oktober 2024.

## 4. VRYWARING

*Hierdie inligting is bedoel om u op hoogte te hou van die veranderinge en is nie bedoel om 'n omvattende verklaring van die wet te wees nie. Dit mag nie as 'n substituut vir spesifieke belastingadvies dien nie. Konsulteer met SAID of u ouditeur indien enige twyfel in 'n saak bestaan. Geen aanspreeklikheid word vir enige foute, weglating of opinies vervat in hierdie dokument aanvaar nie.*

Opgestel deur: Salariskantoor van die NGK in SA
Navrae: Ingrid van Eck | Tel: 021-957-7107 | E-pos: ivaneck@kaapkerk.co.za

C:\Users\vaneck\OneDrive - GOE01 NG Kerk in SA\002. SALARISSE & PENSIOENTREKKERS\Inligting en notas\Omsendbriewe\Gemeentes Belastingjaar inl\Belastingjaar - 2024-25.doc\ive